# Para-ekoloë in jou omgewing

Reginald Christiaan / Donna Kotze

**BIOTA Suidelike Afrika is 'n inter-disciplineëre, internasionale na-vorsingsprojek wat gedoen word deur navorsers van Duitsland, Namibia en Suid-Afika.**

BIOTA Suidelike Afrika is 'n projek wat navorsing doen oor biologiese verskeidenheid langs die reënval gradiënt wat strek vanaf die Kaapse winter reënval gebied tot in die somer reënval gebied van Noordelike Nambia.

*Die doel van die navorsingsinisiatief is om...*

Wetenskaplike verantwoordelikheids konsepte vir die bewaring en volhoubare benutting van die bioversiteit van Afrika te ontwikkel. Bioversiteit Observatoruims te vestig as 'n werktuig en infrastruktuur van navorsing in bioversiteit en verskaf basiese inligting, soos onder andere weerstasies.

BIOTA Southern Africa lei lokale mense op as para-ekoloë om die werk van die navorser in hom/haar afwesigheid te doen.

Die para-ekoloë is gekontrakteer vir drie jaar en word in diens opgelei hoe om bioversiteit te moniteer, plante te pluk en te konserveer, sowel as met GPS (globale posisie sisteem), rekenaars, digitale kamaras te werk.

*Wat beteken die opleiding vir die para-ekoloë?*

Bewusmaking van bewaring sowel as integriteit te ontwikkel en om entoesiasties kennis op te doen en uit te ruil met wetenskaplikes en lokale mense. Bewaring te benut binne en buite my onmiddellike omgewing en bewusmaking te bevorder. Leer hoe om te kommunikeer met mense op verskillende vlakke bv, lokale mense en navorsers.

*Wat is die visie van die para-ekoloë?*

Om skole en gemeenskappe bewus te maak van bioversiteit en die belangrikheid daarvan. Om junior navorsings-groepe te stig bv, 'n 'Crew' (Custodians for Rare and Endangered Wildflowers). Verder te leer in Ekologie om 'n volwaardige navorser student en veldgids te word en om ons kennis verder uit te brei.

*Waar word die verskeie para-ekoloë aangetref?*

Wes-Kaap, Gerda Kriel (Vredendal), Noord-Kaap Donna Kotze (Nieuwoudtville0, Maranna Lot (Paulshoek), Randall Joseph (Eksteenfontein), Reginald Christiaan (Soebatsfontein), Namibia: Memory Dausas (Gobabeb), Richard Isaacks, (Keetmanshoop), Robert Mukuya (Rundu), Mnr Vilho Mtuleni - veldtegnikus van Windhoek / Namibia, Dr. Ute Schmiedel van Hamburg / Duitsland - bestuurder van die BOITA para-ekoloë program en Me. Bettina Koelle - INDINGO - Development & Change van Nieuwoudtville / Suid Afrika lei die para-ekoloë op.

Verdere inligting by: www.BIOTA-AFRICA.org.

NUUS Jaargang 1, Uitgawe Nr. 47, Die Namakwalander, 20. April 2007